

Reglement 4.1

Reglement vir die Algemene Taakspan Argief

(Soos gewysig deur ATA op 22 Januarie 2013)

1. NAAM

Algemene Taakspan Argief (ATA).

2. SAMESTELLING

2.1 Die termyn duur van sinodesitting tot sinodesitting. 'n Termyn duur van sinodesitting tot sinodesitting. Die Taakspan word saamgestel uit:

2.1.1 die argivaris of persoon belas met die argief uit elk van die kerkargiewe te Stellenbosch, Bloemfontein, Pietermaritzburg en Windhoek, met die voorsitter of ander verteenwoordiger van elk van die betrokke argiefkommissies as sekundus;

2.1.2 een verteenwoordiger van die Gesamentlike Sinodale Kommissie van die NG Kerk van Transvaal, met sekundus; en

2.1.3 een kundige op die terrein van argiefwese, met sekundus.

2.2 Vakatures in die Algemene Taakspan Argief word deur die Moderamen, op aanbeveling van die Taakspan, aangevul.

3. OPDRAG

Die Taakspan se opdrag is die

3.1 formulering van 'n algemene argiefbeleid vir die Kerk;

3.2 advisering van die onderskeie sinodes se argiefkommissies oor die opstel van argiefreglemente en handleidings;

3.3 koördinerings van werksaamhede van die argiewe van die onderskeie sinodes;

3.4 advisering van die onderskeie sinodes se argiefkommissies oor die toepassing van relevante wetgewing;

3.5 kontrolering of die onderskeie argiefbewaarplesse voldoen aan die standaard vereistes vir doelmatige en veilige bewaring van argivalia;

3.6 bewaring en ontsluiting van die Algemene Sinode se eie argivalia by die aangewese bewaarplek(ke);

3.7 opstelling van die In Memoriam-verslae oor amptenare/ampsdraers in diens van die Algemene Sinode;

3.8 bekendstelling van die geskiedenis van die Kerk as geheel; en

3.9 verslagdoening aan die Moderamen en die Algemene Sinode.

4. VERGADERINGS

4.1 Die Taakspan vergader minstens een maal per jaar.

4.2 Die Taakspan kies by die eerste vergadering van sy termyn 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba. Taakspanlede kan nie vir meer as twee termyne in dieselfde posisie verkies word nie.

4.3 Die Taakspan beskik nie oor 'n dagbestuur nie.

-oOo-

Argief se kontakbesonderhede:

Posadres: Posbus 34, Stellenbosch, 7599

Telefoon: 021-882-9923

Faks: 086-617-5963

E-pos: argief@kaapkerk.co.za

Webblad: www.kerkargief.co.za